

# Werk saam om 'n 'lewende landskap' in die Krommeopvanggebied te skep

**Hallo!**

Hierdie nuusbrief verskaf 'n kort oorsig oor die PRESENCE-projek in die Krommerivieropvanggebied. Benewens die kort oorsig oor wat tot dusver gedoen is, stippel dit ook die weg uit vir die toekoms. Baie dankie vir julle idees en samewerking gedurende die eerste werkwinkels en plaasbesoeke – ons hoop om steeds lekker saam te werk om 'n 'lewende landskap' in die Kromme te skep.

## Wie is ons?

*Living Lands* is 'n niewinsgewende Suid-Afrikaanse organisasie vir die bewaring en restourasie van lewende landskappe. Ons bring toegevoegde waarde aan die landskap deur die mobilisering van die gemeenskap vir volhoubaarheid en fasiliteer sosiale leerprosesse;

*Living Lands* is die sekretariaat van die *PRESENCE*-netwerk.

***P**articipatory **R**estoration of **E**cosystem **SE**rvices and **N**atural **C**apital, **E**astern Cape*

*PRESENCE* is 'n veelvoudige belanghebber-leernetwerk wat mense help om saam te werk om landskappe tot die voordeel van almal te restoureer.

*Ons werk saam met*

Milieu consultancy
Watermanagement
Ruimtelijke ordening

## Ons doelwitte in die Kromme:

- Om grondeienaars en ander belanghebbers te help om saam meer oor volhoubare grondgebruik en -restourasie te leer
- Om openlike en voortgesette dialoog tussen belanghebbers te bevorder
- Om nuwe inligting en kennis te verskaf en te versprei
- Om nuwe idees, geleenthede en netwerke aan te bied en te bevorder

## Waar het dit begin?



In 2010/2011 het **Alanna Rebelo** (*Stellenbosch Univ*) 'n biofisiese evaluering van die Krommegebied gedoen (die riviervloei is gemeet, watergehale is getoets, ens.) om te ondersoek of die vleilande die watertoevoer vir NMBM positief beïnvloed. **Katie Gull** (*Univ van Kaapstad*) het 'n ekonomiese evaluering van die impak van restourasie op die Krommerivierstelsel gedoen om te ondersoek of die restourasie ekonomies uitvoerbaar is.

## Verstaan die gebied, werkwinkel November 2011



Verskeie belanghebbers is na 'n werkwinkel uitgenooi om hul werk aan te bied. Die werkwinkel het getoon dat daar wel inligting oor die Krommegebied beskikbaar is; die kwelpunte is bekend en ons weet wat om daaraan te doen, maar kommunikasie tussen die belanghebbers ontbreek.

## Grondgebruikersbesoeke, Maart 2012



**Lisa Nooij** (*van Hall Larenstein Univ*) en **Marijn Zwinkels** (*Koördineerder van die Krommeprojek*) het onderhoude met 28 grondgebruikers in die Kromme gevoer. Die doel hiervan was om ‘n beter idee van die grondgebruikers se situasies, hul aktiwiteite, kwelpunte en verwagtinge te kry.

Hierbenewens is **Nikolett Czegledi** (*Wagenigen Univ*) tans besig om die impak van vleilandrehabilitasie op ekosisteemdienste wat deur vleilande verskaf word, te evalueer.

## Uitdagings en geleenthede vir grondgebruikers, werkwinkel 29 Maart

By die werkwinkel is talle voordragte gehou, ’n velduitstappie het plaasgevind en onderhoude is met 15 grondgebruikers gevoer om die algemene uitdagings en drome van die mense in die gebied beter te begryp. Die gevolgtrekking: kommunikasie oor grondgebruik en verwante sake in die opvanggebied moet verbeter word. Daar is voorgestel dat ’n kommunikasieplatvorm gestig word wat die ‘**Krommerivier Kommunikasieforum’** heet. Johan Hamman (Melkhoutkraal) en George Ferreira (The Heights) het aangebied om die plaaslike venote te wees.



## Take en behoeftes vir ’n Opvanggebiedsforum, werkwinkel 3 Mei 2012

Opvolgend op die resultate van die vorige twee werkwinkels het die bespreking gefokus op die take en behoeftes van die forum: Wat moet sy funksies wees? Wie behoort en moet daarna uitgenooi te word? Die gevolgtrekking:



- Daar moet op die ‘Bo-Kromme‘ gefokus word – die gebied van The Heights tot by Churchilldam
- Daar is behoefte aan ’n nuwe forum want geen forum of boereorganisasie bestaan tans nie
- Dit moet ’n skakel vorm na die watergebruikersvereniging
- Dit moet fokus op volhoubare bestuur van die opvanggebied
- Dit moet ’n platvorm skep waar kennis, inligting en ervaring gedeel kan word, waar mense idees kan bespreek en uitruil, waar verskeie rolspelers op ‘n sentrale plek kan ontmoet

## Volgende stappe

In die komende maande sal twee studente **Elodie Hesters** (*Bordeaux Sciences Agro*) en **Thomas de Jong** (*Wageningen Univ*) in die gebied werk. Elodie sal konsentreer op die implementering van die Opvanggebiedsforum en geleenthede om dit te institusionaliseer. Thomas sal werk op die faktore wat waterbeskikbaarheid vir boere tans en in die toekoms beïnvloed. Die volgende werkwinkel word vir einde Augustus beplan waartydens Elodie en Thomas terugvoer oor hulle werk sal gee, en nuwe stappe ten opsigte van die Opvanggebiedsforum sal uitstippel.


*Vir meer inligting kontak Living Lands:*
*Marijn Zwinkels*
*Posbus 237 ,  Patensie 6335, Suid-Afrika*
*Selno: +27 (0)737 345100*
*E-pos: marijn@earthcollective.net*


PARTNERS VOOR WATER
Bundeling van krachten